novus group

**Publication:** Die Burger Binneland Saterdag | **Page:** 4
**Title:** So vergelyk SA se metro's | **Publish Date:** 09 July 2022
**AVE:** 91328.1 | **Author:** Malherbe Nienaber

VYFJAAR-VERSLAG UITGEREIK

# Só vergelyk SA se metro's

**Malherbe Nienaber**

Hoewel Suid-Afrikaanse stede aanhou om dienste aan hul groeiende bevolkings te probeer lewer, maak hulle beperkte vordering om die gewenste resultate te behaal om produktiewe, inklusiewe en volhoubare stede te raak.

So lui die "State of South African Cities"-verslag vir 2021 wat die South African Cities Network (SACN's) onlangs uitgereik het.

Die verslag word elke vyf jaar uitgereik en kyk na verskeie maatstawwe om die dienslewering, finansies, armoede en gesondheid in die land se grootste stede na te gaan.

Dit fokus op nege stede, insluitend die agt metrorade – Kaapstad, Ekurhuleni, eThekwini, Johannesburg, Mangaung, Tshwane, Nelson Mandela-baai en Buffalo City.

Betreklik hoë standaarde van basiese dienslewering word deur die meeste metro's behou, met infrastruktuur vir internet- en kommunikasietegnologie wat aangelê word, lui die verslag.

Daarby het metro's ook hul bydraes tot die nasionale ekonomie in 'n "klimaat van swak ekonomiese groei" vergroot.

Uitdagings wat betref informaliteit, openbare vervoer en verwante infrastruktuur, asook dalende besteding op instandhouding staar die stede egter in die gesig.

Volgens die SACN is dit ook "niks nuuts" dat stede beperkte vordering maak om die ontwikkelingsresultate van meer produktiewe, inklusiewe, volhoubare en ruimtelik getransformeerde stede te behaal nie.

Dit lei ook tot vrae waarom die land nie vordering maak in die strewe na die toekoms wat in die nasionale ontwikkelingsplan vir 2030 vervat word nie en wat dit is wat dié vordering verhoed.

Die verslag wys dat net Kaapstad en Ekurhuleni van 2016 tot 2020 afnames in die **werkloosheidskoers** gehad het, hoewel dit met minder as 'n persentasiepunt is.

Die grootste stygings was in Johannesburg en Nelson Mandelabaai, gevolg deur Tshwane en eThekwini.

In 2020 het eThekwini en Kaapstad die laagste werkloosheidskoers op 22% elk gehad, met die hoogste koerse in Nelson Mandelabaai (35%), Mangaung, Johannesburg en Ekurhuleni (32% elk).

Kaapstad is ook die enigste stad wat van 2015 tot 2018 'n toename van huishoudings in **informele wonings** gehad het, terwyl die grootste dalings in Tshwane, eThekwini, Ekurhuleni en Johannesburg voorgekom het.

In 2019 het 45% van mense in Kaapstad op minder as R1 227 per maand geleef en in Buffalo City het 58% van mense in 2017 op minder as R1 138 oorleef.

Altesaam 1,06 miljoen mense in eThekwini het in 2018 van minder as R547 geleef, luidens die verslag.

In 2016 het 45% van mense in Johannesburg minder as R1 183 maandeliks verdien, met 30% wat minder as R1 077 in Tshwane verdien het.

In dié tyd het 36% van mense in Mangaung op minder as R714 per maand geleef, en 640 000 mense in Nelson Mandelabaai moes op minder as R1 077 oorleef.

Van 2015 tot 2018 het die persentasie van die bevolking met voldoende **toegang tot kos** in Buffalo City en eThekwini afgeneem, met die grootste styging van 14 persentasiepunte in Nelson Mandelabaai.

Die hoogste **lewensverwagting** in al die stede vir 2016 tot 2020 is 71 jaar vir vroue en 65 jaar vir mans wat in Kaapstad aangeteken is.

In Johannesburg, Tshwane en Ekurhuleni is dit 69 jaar vir vroue en 63 jaar vir mans. Mangaung het met 61 jaar vir vroue en 54 jaar vir mans die laagste verwagting gehad.

Aan die hand van die **ouditsuitslae** vir die boekjaar 2018-'19 het die meeste verkwiste besteding in Johannesburg (R117 miljoen) en Tshwane (R103 miljoen) plaasgevind.

In Mangaung het ongemagtigde besteding R1,3 miljard en R480 miljoen in Johannesburg, R446 miljoen in Tshwane en R248 miljoen in Nelson Mandelabaai beloop.

Onreëlmatige besteding het R4,1 miljard in Nelson Mandelabaai beloop, asook R2,8 miljard in Tshwane en R2,3 miljard in eThekwini.

In Kaapstad het dit R950 miljoen beloop, met R842 miljoen in Mangaung en R816 miljoen in Johannesburg.


Volgens die SACN moet stede 'n benadering aanneem wat die regering op al sy vlakke en die samelewing in geheel insluit om hul ontwikkelingsdoelwitte op lang termyn te haal.

Onreëlmatige besteding verwys na besteding wat nie die voorskrifte in die wetgewing nagekom het nie en dui nie noodwendig op verkwisting of bedrog nie.

Ongemagtigde besteding is besteding waarvoor daar nie voorsiening in die begroting gemaak word nie of nie aan die vereistes voldoen wat die begroting vir dié besteding uiteensit nie.


Verkwiste besteding verwys na besteding wat tevergeefs is en met die nodige sorg verhoed kon word, soos met boetes en rente op laat betalings of betalings waar geen goedere of dienste ontvang is nie.

## Lewensverwagting (2016-2020)




Bron: SA Cities Network (SACN) THEUNS KRUGER, Grafika24

## Verandering in toegang tot basiese dienste (2015-'18)




Bron: SA Cities Network (SACN) THEUNS KRUGER, Grafika24

## Toename of afname van huishoudings wat in informele nedersettings woon (2015-'18)

| METRO | PERSENTASIEPUNT-VERANDERING |
|---|---|
| Buffalostad | ↓ 0,9% |
| Kaapstad | ↑ 0,9% |
| Ekurhuleni | ↓ 2,4% |
| eThekwini | ↓ 3,1% |
| Johannesburg | ↓ 1,1% |
| Mangaung | ↓ 0,4% |
| Nelson Mandelabaai | ↓ 0,2% |
| Tshwane | ↓ 3,2% |


Bron: SA Cities Network (SACN) THEUNS KRUGER, Grafika24

## Verandering in die persentasie van stedelike bevolking met genoegsame toegang tot kos (2015-'18)

| METRO | PERSENTASIEPUNT-VERANDERING |
|---|---|
| Buffalostad | ↓ 1,5% |
| Kaapstad | ↑ 4,2% |
| Ekurhuleni | ↑ 2,6% |
| eThekwini | ↓ 4% |
| Johannesburg | ↑ 3% |
| Mangaung | ↑ 2,4% |
| Nelson Mandelabaai | ↑ 14,5% |
| Tshwane | ↑ 2,9% |


Bron: SA Cities Network (SACN) THEUNS KRUGER, Grafika24

## Ouditsuitslae (besteding in R miljoen)




Bron: SA Cities Network (SACN) THEUNS KRUGER, Grafika24

## Bevolkingsaanwas (2011-'19)




Bron: SA Cities Network (SACN) THEUNS KRUGER, Grafika24

## Toename of afname in werkloosheidskoers (2016-'20)

| METRO | PERSENTASIEPUNT-VERANDERING |
|---|---|
| Buffalostad | ↑ 0,9% |
| Kaapstad | ↓ 0,2% |
| Ekurhuleni | ↓ 0,5% |
| eThekwini | ↑ 1,9% |
| Johannesburg | ↑ 4,1% |
| Mangaung | ↑ 1,9% |
| Nelson Mandelabaai | ↑ 4,1% |
| Tshwane | ↑ 3,4% |

Bron: SA Cities Network (SACN) THEUNS KRUGER, Grafika24




**Die voorblad van vanjaar se 'State of South African Cities'-verslag.** Foto: SACN

> **"Kaapstad is die enigste stad wat van 2015 tot 2018 'n toename van huishoudings in informele wonings gehad het, terwyl die grootste dalings in Tshwane, eThekwini, Ekurhuleni en Johannesburg was.**

www.novusgroup.co.za | Tel: 011 568 3337 | clientservice@novusgroup.co.za | Copyright Novus Group (Pty) Ltd.